AKSIE VROUEKRAG

Januarie 2016

Geagte Afrikaans onderwysers

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans en Aksie Vrouekrag loods ’n opwindende opstelkompetisie in twee afdelings, nl: **Graad 7 - 9** en **Graad 10 – 12**.

Kreatiewe skryfwerk is deel van die sillabus in albei hierdie fases en daarom doen ons ’n vriendelike beroep op Afrikaans onderwysers om leerlinge die geleentheid te bied en aan te moedig om hierdie projek te ondersteun sonder dat dit te veel ekstra werk verg.

Dit bied ook ’n ideale geleentheid vir belowende aspirant-skrywers omdat goeie opstelle gepubliseer gaan word en wenner-opstelle se skrywers groot pryse kan wen! Dit is dus ook goeie publisiteit vir u skool indien u leerlinge se opstelle in aanmerking kom vir publikasie en toekennings.

Die ViER ONDERWERPE waaruit leerlinge kan kies is:

G A Watermeyer	Vegkop 180 jaar
N P van Wyk Louw	H F Verwoerd

Leerlinge kan enige van die volgende **ses** opstelsoorte soos bepaal in die sillabus kies. U as onderwyser kan ook dieselfde tipe opstel vir ’n graadgroep gee as opdrag, bv. ’n Bespiegelende opstel en dan die leerlinge wat goeie opstelle geskryf het motiveer om in te skryf vir die kompetisie.

Tipe opstelle:
Verhalende opstel
Beskrywende opstel
Feitelik / verklarende opstel
Betogende opstel
Beredenerende opstel
Bespiegelende opstel

Leerlinge mag ook meer as een opstel inskryf, met ’n maksimum van drie inskrywings per leerling.

Dit is baie belangrik dat leerlinge navorsing moet doen oor die onderwerp wat gekies word, selfs al skryf hy/sy ’n eie kreatiewe verhaal, want dit moet handel oor die gekose onderwerp. So behoort die leerlinge ook meer te wete te kom oor hierdie twee belangrike gebeurtenisse of tydgrepe in ons geskiedenis.

Die werklike geskiedkundige gebeure moet dus op ’n nuwe kreatiewe manier in ag geneem / verwerk / vertel / bevraagteken / daaroor bespiegel /

beredeneer of beskryf word, sonder om plagiaat te pleeg. Dit moet dus die leerling se eie werk wees. Bronne moet op gepaste wyse erken word.

Lengtebeperking:
Gr. 7 – 9 350 – 400 woorde
Gr. 10 – 12 500 – 550 woorde

Formaat: Opstelle moet elektronies ingestuur word.
Gebruik ***Arial***, lettertipe 12.

Opstelle moet reeds geproeflees wees wanneer dit ingestuur word vir beoordeling. Die leerling tik dus sy/haar opstel oor nadat dit deeglik nagesien is deur die onderwyseres. Spel- en taalfoute of tikfoute word streng gepenaliseer tydens beoordeling.

BYKOMENDE VEREISTES:

Die opstel moet prikkelend, motiverend en interessant wees!

Prikkelend: Dit wat hy/sy skryf moet mense se belangstelling prikkel in dit wat gebeur. Dit moet ook raak en treffend wees.

Motiverend: Die inhoud van die opstel moet die leser moed gee, positief stem, aanmoedig, aktiveer om iets omtrent ’n probleem te doen. Dit moet dus NIE NET NEGATIEF WEES NIE.

Interessant: Die inhoud, invalshoek, aanbiedingstyl moet lesers se belangstelling gaande maak, hulle aandag trek. Die opstel moet dus boeiend / belangwekkend / onderhoudend wees.

Al drie hierdie vereistes gaan ’n rol speel in die beoordeling; maak nie saak watter tipe opstel hy/sy kies nie.

Sluitingsdatum vir die kompetisie: 31 Mei 2016

Baie dankie byvoorbaat vir u bereidwilligheid om hierdie grootse projek te ondersteun ter wille van die behoud van ons taal en kultuurhistoriese erfenis.

Ons sien uit om u leerlinge se werk te ontvang.

Kreatiewe Skryfkompetisie 2016 vir Junior Leerders
Kompetisiereëls en Inskrywingsvorm Graad 7 - 9

Kompetisiesluitingsdatum : 31 Mei 2016

1. Inskrywings kan op die webwerf gedoen word : www.afrikaans.org.za/kompetisie/skole
2. **Die volledig voltooide inskrywingsvorm tesame met die opstel/le, betalingsadvies, lewenskets en foto,** moet Aksie Vrouekrag voor of op die sluitingsdatum (31/05/2016) bereik.
3. **Inskrywingsfooi :** R20.00 per opstel, inbetaal by onderstaande bankrekening.
4. **Opstelle** : Drie (3) per deelnemer word toegelaat
   "WORD"- formaat, (**nie .pdf formaat nie)**
   Letterstyl : Arial 12 punt.
   Lynspasie : 1.5
   Lengte : 350 - 400 woorde
   Enige van die opsteltipes mag gebruik word, bv. Verhalende, Beskrywende, Feitelike/Verklarende, Betogende, Beredenerende en Bespiegelende opstelle.
   Opstelle moet in algemeen beskaafde **Afrikaans** wees. Opstelle wat laster en/of onwelvoeglike taal bevat, sal **nie** vir beoordeling aanvaar word **nie**.
   Slegs oorspronklike opstelle van deelnemers mag ingeskryf word. Geen opstelle waarop reeds kopie- of enige ander regte deur 'n buitestaander behou word, mag sonder skriftelike toestemming van sodanige party, ingeskryf word nie.
5. **Lewenskets** van deelnemer : Gee bv. jou geboortedatum, skool, stokperdjies, belangstellings en wat jy eendag wil word.
6. **Foto** van deelnemer: Kop en skouers, minstens 2mb. (bv selfoonfotos) **Geen fotokopië of skanderings nie.**)
7. Die beste opstelle wat aan die beoordelaars se standaarde voldoen, sal in die publikasie "Die Wonder van Afrikaans III" gepubliseer word. Om hierdie rede gee deelnemers toestemming aan Aksie Vrouekrag om enige opstelle wat vir die kompetisie ingeskryf is, te mag gebruik in bogemelde publikasie asook toekomstige publikasies hetsy elektronies of andersins.
8. Beoordelings is finaal en geen briewewissling sal gevoer word nie.
9. Prysgeld : Algehele kompetisiewenner : R3000.00. Wenner per kategorie : R1000.00 Naaswenner per kategorie : R750.00.
   Die beoordelaars behou die reg voor om, indien daar na hulle mening te min inskrywings per kategorie is of as die standaard nie hoog genoeg is nie, nie 'n wenner in die spesifieke kategorie aan te wys nie.
10. Die bekendstelling van die publikasie, die bekendmaking van die wenners en die oorhandiging van die pryse sal tydens 'n glansgeleentheid te Pretoria op 17 September 2016 geskied.
11. Deelnemers aan hierdie kompetisie en/of hulle ouers/voogde vrywaar Aksie Vrouekrag van enige eise of ongeopenbaarde aansprake van enige aard wat mag ontstaan uit deelname aan hierdie kompetisie.

e-posadres : skryf@afrikaans.org.za
Tel : Mev. Vlooi Kroon : 082 637 7311 Mev. Elke Kelder : 082 389 6100

Bankbesonderhede : Aksie Vrouekrag, ENB, Rek No. 7411 5189 033, Takkode : 252 155.
Verwysing : Naam van Deelnemer

Onderwerpe om van te kies :
(Kies jou eie titel vir jou opstel/le)

A. G A Watermeyer
B. N P van Wyk Louw
C. Vegkop 180 Jaar
D. H F Verwoerd

Kreatiewe Skryfkompetisie 2016 vir Junior Leerders
(Sluitingsdatum 31 Mei 2016)

Voltooi volledig en stuur saam met opstelle, lewenskets, foto en betalingsadvies

Deelemer

Naam en Van : ……..

Posadres : ……..

Vonkadres : ……

Foonnommer : …… Faksnommer : ……

Skool

Naam van Skool.: …….

Posadres : …….

Vonkadres : ……..

Foonnommer : …… Faksnommer : ……

Onderwyser/es : ……..

Aantal opstelle ingeskryf : …….

No	Titel van opstel	Tipe Opstel
1.		
2.		
3.		

Inskrywingsgeld : R ……. (R20.00 per opstel)

Ek aanvaar die reels van die kompetisie

Geteken op ……. 2016

Deelnemer : ……..

Ouer/Voog : ……

Plek : ……

Kreatiewe Skryfkompetisie 2016 vir Senior Leerders
Kompetisiereëls en Inskrywingsvorm Graad 10 – 12

Kompetisiesluitingsdatum : 31 Mei 2016

12. Inskrywings kan op die webwerf gedoen word : www.afrikaans.org.za/kompetisie/skole
13. **Die volledig voltooide inskrywingsvorm tesame met die opstel/le, betalingsadvies, lewenskets en foto,** moet Aksie Vrouekrag voor of op die sluitingsdatum (31/05/2016) bereik.
14. **Inskrywingsfooi** : R20.00 per opstel, inbetaal by onderstaande bankrekening.
15. **Opstelle** : Drie (3) per deelnemer word toegelaat
    "WORD"- formaat, (**nie .pdf formaat nie)**
    Letterstyl : Arial 12 punt.
    Lynspasie : 1.5
    Lengte : 500 - 550 woorde
    Enige van die opsteltipes mag gebruik word, bv. Verhalende, Beskrywende, Feitelike/Verklarende, Betogende, Beredenerende en Bespiegelende opstelle.
    Opstelle moet in algemeen beskaafde **Afrikaans** wees. Opstelle wat laster en/of onwelvoeglike taal bevat, sal **nie** vir beoordeling aanvaar word **nie**.
    Slegs oorspronklike opstelle van deelnemers mag ingeskryf word. Geen opstelle waarop reeds kopie- of enige ander regte deur 'n buitestaander behou word, mag sonder skriftelike toestemming van sodanige party, ingeskryf word nie.
16. **Lewenskets** van deelnemer : Gee bv. jou geboortedatum, skool, stokperdjies, belangstellings en wat jy eendag wil word.
17. **Foto** van deelnemer: Kop en skouers, minstens 2mb. (bv selfoonfotos) **Geen fotokopië of skanderings nie.**)
18. Die beste opstelle wat aan die beoordelaars se standaarde voldoen, sal in die publikasie "Die Wonder van Afrikaans III" gepubliseer word. Om hierdie rede gee deelnemers toestemming aan Aksie Vrouekrag om enige opstelle wat vir die kompetisie ingeskryf is, te mag gebruik in bogemelde publikasie asook toekomstige publikasies hetsy elektronies of andersins.
19. Beoordelings is finaal en geen briewewissling sal gevoer word nie.
20. Prysgeld : Algehele kompetisiewenner : R3000.00. Wenner per kategorie : R2000.00 Naaswenner per kategorie : R1000.00.
    Die beoordelaars behou die reg voor om, indien daar na hulle mening te min inskrywings per kategorie is of as die standaard nie hoog genoeg is nie, nie 'n wenner in die spesifieke kategorie aan te wys nie.
21. Die bekendstelling van die publikasie, die bekendmaking van die wenners en die oorhandiging van die pryse sal tydens 'n glansgeleentheid te Pretoria op 17 September 2016 geskied.
22. Deelnemers aan hierdie kompetisie en/of hulle ouers/voogde vrywaar Aksie Vrouekrag van enige eise of ongeopenbaarde aansprake van enige aard wat mag ontstaan uit deelname aan hierdie kompetisie.

e-posadres : skryf@afrikaans.org.za
Tel : Mev. Vlooi Kroon : 082 637 7311 Mev. Elke Kelder : 082 389 6100

Bankbesonderhede : Aksie Vrouekrag, ENB, Rek No. 7411 5189 033, Takkode : 252 155.
Verwysing : Naam van Deelnemer

Onderwerpe om van te kies :
(Kies jou eie titel vir jou opstel/le)

C. G A Watermeyer	**C. Vegkop 180 Jaar**
D. N P van Wyk Louw	**D. H F Verwoerd**

Kreatiewe Skryfkompetisie 2016 vir Senior Leerders
(Sluitingsdatum 31 Mei 2016)

Voltooi volledig en stuur saam met opstelle, lewenskets, foto en betalingsadvies

Deelemer

Naam en Van : ……..

Posadres : ……..

Vonkadres : ……

Foonnommer : …… Faksnommer : ……

Skool

Naam van Skool.: …….

Posadres : …….

Vonkadres : ……..

Foonnommer : …… Faksnommer : ……

Onderwyser/es : ……..

Aantal opstelle ingeskryf : …….

No	Titel van opstel	Tipe Opstel
1.		
2.		
3.		

Inskrywingsgeld : R ……. (R20.00 per opstel)

Ek aanvaar die reels van die kompetisie

Geteken op ……. 2016

Deelnemer : ……..

Ouer/Voog : ……

Plek : ……